

Vrydag 25 Maart (Goeie Vrydag)

Skrifgedeelte: Johannes 10:1-21

Fokusgedeelte: Johannes 10:11

Hý is die goeie herder

In sy eie woorde – in een van sy *Ek-is*-uitsprake – het Jesus gesê wie Hý is. Soos in vier kwashale teken Jesus waarom Hy die *goeie* herder is: Hy gee nie sy skape prys aan ’n wolf nie (10:12, 13); Hy ken sy skape (10:14); Hy lei sy skape roepend op hulle name (10:3, 4). Vierdens noem Jesus drie keer waarom Hy die goeie herder is: “*Ek lê my lewe af vir die skape*” (10:11, 15, 17).

Vandag herdenk ons Jesus se aflegging van sy lewe aan die kruishout op Golgota. Dit staan in teenstelling met dié van diewe en rowers. Hulle *neem* die lewe van die skape, maar Jesus *gee* sy lewe vir sy skape. Sy lewe is Hom ook nie *ontneem* nie, maar Hy het dit *afgelê* om sy skape van ’n verskriklike dood te verlos wat hulle andersins verlore in sondeskuld sou gesterf het (10:17, 18). Die goeie herder het *sy siel vir sy skape uitgestort* om hulle die lewe in oorvloed te gee (10:10).

In die *Goeie Herder* wat sy lewe vir die skape afgelê het, vier ons in die ware sin van die woord *Goeie Vrydag*. Die goeie *herder* het Homself as *offerlam* gegee. Deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom (Jes. 53:5). Met die skat van vertroosting wat Hy vir my – andersins verlore skaap in sonde-ellende – verwerf het, verkwik Hy my siel (Ps. 23:3). Vir elke gelowige is dit ’n blywende troos om die *goeie herder* te ken.

Luister jy na Hom? Volg jy Hom? Dit is immers kenmerke van die geloof in die goeie herder wat sy lewe vir die skape afgelê het.

Sing: Psalm 23:1 (1936)

Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)